Die Skielike, Geheime Vertrek Van Die Kerk

Behoort enigiemand goed te laat voel, nie waar nie, 'n bekendstelling soos daardie? Goed. Laat ons ons hoofde buig net vir 'n oomblik van gebed voor ons die Woord oopmaak.

2 Here, ons sê soos hulle van ouds: "Ek was bly toe hulle gesê het: 'Laat ons na die Huis van die Here toe gaan.'" Ons kan geen beter plek kry om te wees, vandag, as om net hier by die gemeente van die Here te wees, in aanbidding nie. Hoewel dit buite mag reën, buite, en daar ellende en dinge mag wees, maar wanneer ons in U Teenwoordigheid is, het ons hierdie glimlag van tevredenheid, dat ons weet dat U verstaan en alles net reg laat werk vir ons.

3 Ons sou spesiale seëning vra vanmôre vir hulle wat nie in staat was om by die diens te kom nie. Baie sou miskien gekom het as die weer nie so sleg was nie. Maar mag hulle vertroosting vind in die lees van U Woord, en deur te luister na predikers op die radio, en programme wat ontwerp is vir daardie mense.

4 Ons sou vra dat U veral diegene sou seën wat in Goddelike Teenwoordigheid is, vir hulle poging om uit te kom vanmôre, om die Woord van die Here te hoor, en om Hom te aanbid in Psalms en in—in gebed, en in danksegging.

5 En ons vra, God, dat U die liggame sal aanraak van diegene wat siek en behoeftig is, wat net nou wag, 'n lang afstand gekom het om voor gebid te word.

6 En ons vra dat U net na ons sou kyk, en met ons praat, dat ons wat hier is, vanmôre, opname sou maak van ons eie situasie. "Deurgrond my," het een van die profete gesê: "en beproef my, en kyk of daar enige kwaad in my is." En dan, Here, in die deurgronding, as U vind dat daar kwaad in ons is, reinig ons, Here, soos ons nederig ons sondes en ons bose dade bely.

7 En vra net dat U ons onthou soos U na Jesus, U Seun kyk, Wat gesterf het om 'n versoening vir ons sondes en ons ongeregtighede te wees. Soos ons bely dat ons glo dat Hy gesterf het vir hierdie doel, en weer opgestaan het, dat ons hierdie groot voorreg kan hê om dit te doen, vanmôre. Skenk dit, Here.

8 En praat met ons deur U geskrewe Woord, soos ons verder wag om van U te hoor. In die Naam van Jesus bid ons. Amen.

9 Ons wil graag blaai in die Skrifte vanmôre vir 'n voorlesing uit die Boek van Thessalonicense, die 5de hoofstuk. En ek het diegene wat die gebedsversoeke ook het, vanmôre, die lys.

Wat, gebed sal gedoen word onmiddellik na afloop van hierdie preekdiens. Ek glo, vir net 'n oomblik, aan julle wat julle Bybels oopmaak, laat ons blaai na Een Thessalonicense die 5de hoofstuk, en lees net vir 'n paar oomblikke.

10 ['n Broer sê: "Verdaag Sondagskoolklasse."—Red.] Ek is jammer. Terwyl julle julle Bybel oopmaak, dit is . . . die kinders is nog nie verdaag vir hulle verskeie klasse nie. Sal julle net reguit voortgaan nou na julle klasse, julle kindertjies en tieners, ensovoorts. Gaan reguit na julle klasse toe.

11 En terwyl, as julle nou kan, lees, of julle Bybels oopmaak na Een Thessalonicense die 5de hoofstuk.

12 En as dit moontlik is dat die trusteeraad teenwoordig is op hierdie tydstip, wil ek hulle graag sien net vir 'n paar oomblikke na die diens, in die diakenskantoor, oor 'n saak. En as hulle nie is nie, sê iemand vir hulle dat ek hulle vanaand wil sien, net voor diens, in die diakenskantoor.

13 Nou vir 'n teks, ek wil dit neem vir 'n teks vanmôre: *Die Skielike, Geheime Vertrek Van Die Kerk*.

14 Mag, laat ek dit weer aankondig, want ek het nie te veel tyd gehad om vooraf te dink oor enige kommentaar nie, maar net vinnig gemaak. Ons was laat uit gister, en het nie voor baie laat gisteraand ingekom nie. En vinnig hiernatoe gekom vanmôre, maar dit het op my gedagtes gekom. En miskien, later, mag ek iets kry wat iemand sal help. Ek hou van hierdie onderwerp: "Die skielike, geheime wegraping van die Kerk." En nou in Een Thessalonicense die 5de hoofstuk.

> *Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie;*
>
> *want julle weet* julle*self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag.*
>
> *Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barendsnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.*
>
> *Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief oorval nie.*
>
> *Julle is . . . kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie.*
>
> *Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees.*
>
> *Want dié wat slaap, slaap in die nag; en dié wat dronk word, is in die nag dronk.*

15 Nou wil ek hê julle moet net oorkant die bladsy kyk, as dit geografies so gerangskik is in jou Bybel, na die 16de, 17de en 18de verse van die 4de hoofstuk van Een Thessalonicense.

Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aardsengel en met die geklank van die basuin van God; en dié wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

Daarna sal ons wat in die lewe oorbly saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.

16 Mag die Here Sy seën voeg by die lees van Sy heilige Woord.

17 Hierdie is 'n ongewone ding, om te praat oor 'n onderwerp soos hierdie op 'n oggend wat ek gekom het om vir—vir die siekes te bid. Maar daar is 'n groter siekte as fisiese siekte. En dis baie meer essensieël dat ons gesond is, vir hierdie groot gebeurtenis wat net gereed is om plaas te vind, as wat dit sou wees om selfs ontslape te wees in die Here, dit is, dood, soos ons dit sou ken. Dis beter om gereed te wees. Ek sou liewer 'n siek man wees, gereed met die Here, as om 'n gesonde man te wees, nie gereed om saam met die Here te gaan nie. Maar hoe dit ook al sy, God is so gewillig dat ons beide gesond en gereed sal wees, siel en liggaam. "Want Hy vergewe al ons ongeregtighede, en genees al ons siektes." Hy het gesterf vir 'n dubbele doel.

18 En dan, ek wat vandag gedink het aan hierdie onderwerp van: "Die skielike, en geheime." Ek hou daarvan. God . . .

19 Mense lewe vandag asof, net voor die Koms van die Here Jesus, asof Hy 'n Engeleskare sou afstuur na al die koerante, en, vir 'n jaar of so, dit regdeur die hele wêreld sou aankondig, in die koerant, dat: "Op *so-en-so* 'n datum, Jesus sal arriveer." En om dit te laat uitsaai oor die radio, en dit op die televisies plaas, en oral, die presiese dag en die presiese uur wat Hy sou kom. Nou dis hoe mense vandag lewe.

20 Maar, God het in Sy Woord gesê, dat: "Dit sou soos 'n dief in die nag wees, wat kom."

21 As dit so sou wees, sou mense sê, soos die wêreld vandag dink: "O, wel, daar's net baie tyd. Ek sal . . . Dit sal goed aangekondig word." En, maar, julle sien, dit is aangekondig, maar dis 'n geheime aankondiging. Dis net diegene wat gewillig is om dit te hoor. Diegene wat ook gewillig is om dit te oorweeg en, ook, wat die Here liefhet.

22 Ek dink nou aan wat Paulus gesê het toe hy gesê het: "Daar is 'n kroon van geregtigheid wat vir my weggelê is, wat die Here, die regverdige Regter, vir my sal gee in dié dag." En toe het hy gestop. Het julle opgelet? En gesê: "Nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat Sy verskyning liefhet." As ons Sy verskyning liefhet!

23 Gewoonlik in die wêreld vandag, dat mense aan die verskyning van die Here dink as 'n verskriklike, angswekkende ding. O, die wêreld mag kom tot sy . . . "Moenie met my daaroor

praat nie," sal hulle sê. Hulle wil nie van daardie dinge weet nie. Hulle gee nie vir hulle om nie; net vir die alledaagse lewe. Maar hulle wat die Here liefhet, is lief vir Sy verskyning.

24 Wat as een van jou geliefdes, sommige van julle ouer mense, dat jou moeder heengegaan het, of jou vader, of jou baba, en hulle was weg vir soveel jaar, en jy het geweet hulle kan enige tyd verskyn? Wel, jy sou die huis heeltemal skoongemaak hê. Jy sou net gereed wees en dophou in daardie pad, vir, elke motorlig wat indraai, jy sou dink dat dit hulle sou wees.

25 Nou dis hoe die Kerk behoort dop te hou vir die Koms van die Here. Alles in orde, alles gereed, alles opgepak en gereed om te gaan sodra Hy kom, want: "Dit sal in 'n oomblik, in 'n oogwink wees." Probeer net meet hoe lank dit jou oog sou neem om te knip, dis net hoe vinnig die Wegraping van die Kerk sal plaasvind.

26 Jy weet, die vyand gebruik altyd die taktieke wat die—wat die Here gebruik. Julle weet, toe hy gesien het dat God 'n regverdige Kerk sou hê, en die dinge wat Hy sou doen, het die vyand daardie selfde strategie gebruik. Hy het 'n kerk, en hy het mense wat baie godsdienstig is. En hulle is net reg op die merk, as—as godsdienstige mense, omdat hy weet dat Christus se Kerk dieselfde is.

27 En hy doen dit buite in die militêre lewe. Ek het 'n artikel gelees 'n tyd gelede, oor die skielike aanval op Pearl Harbor. Dit was nie presies enige onbekende aanval nie. Hulle is alreeds gewaarsku dat die Japanese dit sou doen. Maar die hartseer daarvan was, hulle het daardie waarskuwing geïgnoreer. Hulle het tekens gesien, en die Japanese weermag wat hulleself versamel, en die groot skepe wat gelaai word met ammunisie, en die bedreiging was in die lug. En hulle was net presies opgelyn vir die inval, maar hulle het dit geïgnoreer.

28 Dis hoe dit vandag met die kerk is. Die kerk is opgelyn vir oordeel, maar hulle ignoreer die Koms van die Here. So julle kan Hom nie blameer nie.

29 Hulle het gesê, toe dit vertel is, oral rond, in Pearl Harbor, dat die Japanese enige oomblik kon aanval, dat hulle groot vloot uitgevaar het in die waters van die see en stadig, maar seker, beweeg het na Pearl Harbor, dat hulle daarvoor gelag het. En gesê het: "Ag, onsin. Julle doem-bouers. Julle kommer-siekes. Al waaraan julle dink is probleme."

30 En op die aand, net voor die groot aanval die volgende oggend, was daar 'n groot dans, of 'n groot partytjie gegee in Pearl Harbor self. En maak nie saak hoeveel hulle probeer sê het dat die Japanese aan die kom was nie, wou hulle steeds nie ag slaan op die waarskuwing nie.

31 Laat ons net na hulle kyk vir 'n paar minute. Daar's 'n klein radio-uitsending wat uitgaan. En 'n klein beriggie in die hoekie van die koerant, omtrent soos 'n genesingsveldtog geadverteer

sou word, net ’n klein plekkie, dat die Japanese op hulle pad was in die waters van die see, ’n groot vloot soontoe oppad was. “Onsin,” sê die ander. “Ons glo nie in enige sulke goed nie. Waarmee probeer julle ons bangmaak?”

32 En dan vind ons, nader aan die aand, kan ek by die huis sien, in plaas daarvan dat hulle gereedmaak om uit die stad uit te kom, wel, die jongmeisies het almal hulle nuwe rokke aangetrek, ensovoorts. Hulle het afgegaan na hierdie yslike groot jubelfees wat hulle sou hou.

33 En, die offisiere van die Weermag was ook net so besig om klein passe uit te skryf, sodat die soldate hierdie partytjie kon bywoon, groot dronkparty. En die vragmotors het gedreun en gezoem, om hulle beste bier in te bring, en hulle wyn en goed, vir hierdie partytjie. En die heeltyd, die Japanese vloot oppad soontoe, en hulle het nie na die waarskuwing geluister nie.

34 En soos die son begin ondergaan het, en hulle almal vergader het in hierdie groot kroegplek. Miskien aan die kant iewers, het die kroegman, wat die kroeg poleer het, of iets, iets soos dié gesê: “Sê, het julle die gerug gehoor?”

“Nee, ek glo nie ek het nie,” het die man gesê met wie hy gepraat het.

35 “O, hulle sê iets van ’n Japanese vloot wat hiernatoe kom.” En dan luister iemand anders in op die gesprek.

36 En ’n jong, ligsinnige meisietjie spring daar op, en steek haar voet op bo-op die kroeg, gesê: “Julle doem-siekes, weet julle nie ons is hier vir ’n lekker tyd en nie om van oorlog te praat nie?”

37 As dit nie net omtrent is wat die wêreld vandag sê van die Koms van die Here nie! “Julle oudmodiese, agterlikes, wat laat julle so aantrek en optree en maak soos julle maak?” Maar ons soek na daardie geheime, skielike verskyning van die Here. Want daar is iets in die lug, ’n Boodskap van die Heilige Gees, wat vir ons sê die Koms is op hande.

38 Toe, toe die groot dans aan die gang was, en, o, dit moes iets verskrikliks gewees het daardie aand. Want daar word gesê dat een of ander tyd gedurende die aand, het hulle ’n jong dame geneem, ’n pragtig geboude jong dame, en haar klere van haar afgestroop, en haar in ’n waentjie gesit met net een stukkie onderklere aan, en haar in die straat laat afgaan ensovoorts, net ’n lekker tyd gehad. En die heeltyd, het die Japanese grond gewen, reguit aangekom.

39 En toe die volgende oggend, toe die manne op die pos, en die vliegtuigseine dopgehou het, ensovoorts, heelnag uit was, dronk, en rondgegaan het met hierdie vroue ensovoorts, so lomerig was en ontsteld die volgende oggend, van die groot partytjie, dat hulle aan die slaap gevang is op die pos.

40 En ek's bevrees dit gaan dieselfde wees by die Koms van die Here. Die kerk is so behep en dronk met die sorge van die wêreld, totdat hulle aan die slaap gaan wees op die pos, by die Koms van die Here.

41 En toe het die vliegtuie oor die stad gevlieg, en die bomme het geval, en hulle het net daardie stad gebombardeer, tot op die grond. Hoekom? Omdat hulle nie wou ag slaan op die waarskuwing nie. En daardie jong dame, saam met die res van hulle, toe daardie Japanese, wrede soldate daar ingehardloop het, het hulle hulle verkrag in die straat, en hulle in stukke gesny met messe, na die tyd, ensovoorts. Want, as jy nie wil luister na waarskuwing nie, is daar net een ding oor, dis oordeel.

42 O, as daar ooit 'n tyd was dat hierdie Amerika ooit by sy laagste punt was, net nou, van sy onsedelikheid, van sy onverskilligheid! Die Evangelie is gepreek van kus tot kus. En tekens en wonders is gedoen. En groot wonderwerke is gedoen, en hulle gaan die heeltyd voort in hulle gefuif, drink, ignoreer, bespot.

43 Uit die tweehonderdduisend preekstoele in Amerika, van Protestantse kerke, wat ons vandag nodig het in daardie preekstoele, is profete van die Here, wat nie bang is om God se donderslae van oordeel uit te basuin op hierdie geslag van sondige mense waarvoor ons preek nie. Ons het profete soos Jesaja nodig, wat uitgeroep en gesê het: "'n Bose geslag!" En hoedat hy daardie geslag veroordeel het, en vir hulle vertel het van die oordele wat aan die kom is.

44 Maar, vandag, is te veel van ons predikers bang om daardie dinge te sê. Hulle is bang om 'n direkte getuienis van waarskuwing te gee, want dit sal sommige van hulle se werk kos. Hulle sal hulle denominasie moet verlaat, hulle preekstoele moet verlaat. En hulle sal moet—moet uitgaan, miskien, en 'n ander stand inneem by 'n ander kerk of iets. Maar dis net so jammer dat ons daardie soort mense in ons preekstoele het.

45 Ons het manne soos John Wesley nodig, van die vroeë hervorming, Martin Luther. Ons het mense soos Paulus nodig, wat gewillig is om alles te gee, en hulleself oor te gee, selfs as dit skeiding van hierdie lewe beteken, as 'n getuie van die ware Evangelie van Jesus Christus.

46 Wat dit is, vandag, dat opvoeding en verenigings en klein dolle, delikate dingetjies van verenigings, en hulle eie gevoelens, die plek ingeneem het van die Heilige Gees in die kerk.

47 Wat ons nodig het, vandag, om uit te roep na Amerika, is God-gestuurde, God-vervulde manne met die Krag van die Heilige Gees, wat nie bang is om uit te roep teen die ding wat verkeerd is nie, en om die mense te waarsku van die oordele wat aan die kom is.

48 God kan op geen manier ooit hierdie volk die oordele laat ontsnap nie. As God dit sou doen, sou Hy Sodom en Gomorra moes oprig, en vir hulle om verskoning vra dat hulle gesink is, toe hulle so ’n bose volk was. Ons is geen—geen uitsondering in die oë van God nie. Wat ons vandag geword het, wanneer dit by ons politiek kom, wanneer dit by ons regering kom, dit is verrot, die heelpad van hoek tot kant. Daar is geen geregtigheid meer nie, net in God.

49 O, ons sê ons maak staat op die V.V., die Verenigde Volke. En minder as vyf jaar gelede, was hulle een-en-vyftig persent kommunisties, van die volke in die V. V. Daar is niks om op staat te maak, behalwe die Woord van die lewende God nie. Ons kan op niks anders staatmaak nou nie, geen politiek nie.

50 Ek was in verhore vir die laaste drie- of vier maande, onder sware vervolging, om my te probeer beskuldig van iets doen wat verkeerd was, deur die geld deur hierdie tabernakel hier te stuur, vir die dienste. Wat, ons trusteeraad hier het die verklaring geteken. En daar’s nie ’n persoon, wat ooit my dienste bygewoon het, behalwe wat ek in die openbaar aangekondig het dat hierdie geld opgeneem was in ons . . . in my dienste, gekanaliseer is deur hierdie kerk nie. En nou sê hulle, omdat ek dit deur die kerk geplaas het, ek probeer het om die regering te bedrieg, en wil my twintig jaar in Fort Leavenworth, Kansas, daarvoor gee.

51 Ek het gesê: “Wat is daardie woord geskryf bokant ons—ons geregshowe: ‘Geregtigheid’? Dit beteken niks meer as wat dit nooit daar geskryf was nie.” Gesê: “Wanneer alles wat julle eie mense vir my gesê het om te doen, ek dit gedoen het. En nou sê julle hulle is nie meer in die regering nie. Hoe kan julle? Jy handel een af en bewys dit, dan sal hulle hier iets anders opgrawe.” Nie net dit nie, maar hulle is lamsakkig.

52 Ek het hierdie stelling in die federale howe gemaak. Ek het gesê: “As kommunisme Christelikheid daarin gehad het, sou ek ’n kommunis wees.” Maar ek kan nie wees nie, want dit ontken Christelikheid.

53 So ek het een hand om aan vas te hou, dis God se onveranderlike hand, in die wete dat Hy waarheid en eer sal respekteer. Dit sal moet uitkom, in regverdigheid.

54 Maar om julle te laat weet daar is geen hoop nêrens nie, net in die Koms van die Here.

55 O, dis so ’n dag waarin ons leef, so ’n—’n verskriklike tyd! Wanneer, elke fisiese ding, selfs tot die kerk self, die kerkmense, die kerkdenominasies, hulle is so besorg oor hulle klein—hulle klein verskilletjies, totdat hulle nie eers gemeenskap sal hê met mekaar, en nie ag slaan op die waarskuwing dat die Koms van die Here op hande is nie.

56 Manne soos Billy Graham, en Jack Schiller, en Oral Roberts, en baie van die groot evangeliste, en Charles Fuller, wat ’n

uitreiking het na die hele wêreld, hulle doen alles wat hulle kan, om te waarsku van die Koms van die Here. En daardie selfde manne, daardie manne wat probeer reg doen, is die manne wat ons eie regering uitmekaar probeer skeur.

57 Ek het vir iemand gesê: "Meneer, agt-en-twintig jaar van my lewe, het ek op die altaar van God gelê, om te probeer reg doen. En ek wil hê iemand moet my in die oë kyk, en vir my sê ek het ooit enigiemand uit enigiets verkul, of ooit enigiets gesteel in my lewe. Deur die genade van God, is ek skoon."

58 Dit beteken niks meer, as dit, as 'n klap van jou vinger nie. "Jy's skuldig, in elk geval! En jy's 'n diktator in jou kerk! Jy klap jou vinger en jou kerk doen wat jy vir hulle sê om te doen!"

"O," het ek gesê: "hoe onregverdig kan mense wees?"

59 Hy het gesê: "Jy het vir mense geskenke gegee toe hulle huise afgebrand het. Hier is jou tjeks waar jy weduwees honderde dollars gegee het, en hulle huur betaal het, en sulke dinge gedoen het." Gesê: "Het jy na jou kerkraad toe gegaan en vir hulle gesê jy doen so-iets?"

Ek het gesê: "Nee, meneer."

"Waarom het jy nie?"

60 Ek het gesê: "Die Here het vir my gesê, in Sy Woord: 'Moenie laat jou regter-. . . jou linkerhand weet wat jou regter-doen nie.'"

61 Hy het gesê: "Dan probeer jy jou saak bepleit met 'n Bybel, en ons oordeel jou volgens 'n wet."

62 Ek het gesê: "Wat is die hoogste wet, die mens s'n of God s'n?" Ek sal God se wet neem.

63 Net 'n paar, twee jaar gelede, ek was op my vakansie, was op my pad terug.

64 Hier in Indiana is die spoedwette vyf-en-sestig myl per uur in die dag, en dis op die snel hoofweë, die snelweë. En dis sestig myl per uur in die nag, na die son ondergaan. Dis so in Kansas. Dis so in Illinios. Dis so in Colorado. Dis so in Idaho. Dis so in Wyoming.

65 En op my pad terug, na gesit het in 'n sneeuval vir 'n paar dae in 'n sneeustorm; en ek het pas 'n elk gekry, en ek was op my pad huis toe, om dit vir my vriende te gee. En ek moes opskud om nog 'n sneeustorm te vermy wat reg agter my was, of ek sou weer vasgevang word, en die vleis sou sleg word.

66 En ek het oorgegaan uit Wyoming, en oorgekom in Nabraska in. Ek was omtrent dertig myl op, binne, die pad. En meteens, het ek omgekyk, en ek het 'n polisie se rooi lig gesien. En ek was nog nooit in my lewe gearresteer nie. So, ek het net aangegaan. Ek het afgekyk, ek het sestig myl per uur gery, buite op 'n. . . dertig of veertig myl vanaf enige—enige soort van 'n stad. En net afgegaan

met die hoofweg, groot vierbaan hoofweg. En, ek het opgelet, sestig myl per uur. Ek het omgekyk gekyk, en hy het agter my gebly. En ek het net gekyk.

67 En ek het die rooi lig sien flikker, en ek het gedink: "Wel, waarom steek hy my nie verby nie? Hy het baie plek." En ek het bly wag. Ek het my venster afgedraai, en ek het 'n sirene gehoor. Wel, het ek gedink: "Ek is so ver oor as wat ek kan kom." En hy het omgetrek en my gestop.

68 Ek het uit die motor uitgeklim. Ek het gedink: "Miskien is daar 'n boodskap wat ek nie gekry het op die radio nie, miskien by die huis, my vrou of familie." En ek het uit daardie motor uitgeklim, net so onskuldig as wat ek kon wees.

Hy het gesê: "Ek reken jy wonder hoekom ek jou gestop het?"

Ek het gesê: "Dis reg, meneer."

69 En hy het gesê: "Jy het die spoedwette oorskry." Gesê: "Weet jy hoe vinnig jy gery het?"

Ek het gesê: "Ja, meneer." Ek het gesê: "Ek het sestig myl per uur gery."

Hy het gesê: "Dis reg. En dis teen die wet."

Ek het gesê: "Is dit nie vyf-en-sestig in . . . ?"

70 "Nee, meneer." Gesê: "Dis vyf-en-vyftig hier. Jy het vyf myl oor die spoedbeperking gery."

"O," het ek gesê: "Ek's so jammer. Ek het dit nie bedoel nie."

71 Gesê: "Gee vir my jou bestuurderslisensie. Wys my net jou bestuurderslisensie."

72 En ek het hulle uit my sak gehaal. En net sodra hy daardie woord 'eerwaarde' gesien het, het sy oë gegloei met vuur. Hy het sy boek uitgeruk en begin om vir my 'n kaartjie vir vier-en-twintig dollar en vyftig sent uit te skryf.

Ek het gesê: "Gaan jy vir my 'n kaartjie gee?"

Gesê: "Jy's reg! Ek gaan vir jou 'n kaartjie gee!"

"Wel," het ek gesê: "meneer, dis alles reg. Maar ek het nie enigiets gesien nie."

73 Hy het gesê: "O, daar's 'n bord net buite die staatsgrens. Jy moes dit gesien het."

74 "Wel," het ek gesê: "ek het gesit in 'n vier va- . . . sneeuval van vier dae, en ek het dit waarskynlik net nooit gesien nie, meneer."

En hy het gesê: "Goed. Het jy enige kontant by jou?"

Ek het gesê: "Net omtrent twaalf dollars."

75 "Wel," het hy gesê: "jy gaan net hier bly totdat jy dit betaal." Omtrent tienuur in die aand, of elf.

76 Ek het gesê: "Meneer . . ." Ek het vir hom alles vertel, wat verkeerd was, en die vleis ensovoorts. Dit het niks vir hom

beteken nie. So ek moet 'n bona-fide verklaring teken, dat ek vir hulle die geld sou stuur.

77 Toe ek by die huis kom, het ek vir die regter geskryf, van die stadjie, daardie amptenaartjie na wie toe ek dit moes stuur. En ek het vir hom gesê. Ek het gesê: "Meneer, ek het twintig-. . . omtrent vyf-en-twintig jaar," op daardie tydstip: "ses-en-twintig jaar in die diens van die Here spandeer, om misdadigers te probeer bekeer na die Here Jesus, om jou lewe as 'n beampte te beskerm, om beter gemeenskappe te probeer maak, en 'n beter plek om te lewe, en ordentlikheid vir ons families. Ek het iets oor die twintig jaar in daardie diens spandeer. En ek het net u grens oorgesteek. Ek voel dat u my moet vergewe daarvoor." Ek het gesê: "Maar u beampte wou nie eers oorweeg nie, glad nie. Wat, miskien is hy veronderstel om dit te doen, en sy pligte uit te voer. Maar ek vra u, as 'n regter. Dit is nie die geld nie; dis die beginsel. My eerste boete om ooit te betaal, en dit moet kom uit geld wat mense my gegee het om van te lewe, deur die kerk." Ek het gesê: "As u so genadig sal wees om my daarvoor te vergewe, sal ek dit waardeer. Alhoewel, hier is die tjek wat genotuleer is, dat u kan weet dat dit—dit reg is."

78 Broer, hy het net sy naam daarop geteken en dit geneem, koudbloedig. Waarom? Waarom? En dan, deur verrotte politiek, en godsdienstige voorkeur, kom party van hulle weg met moord. Daar is dit.

79 God sal nie Sy Kerk baie lank laat bestaan onder sulke dinge nie. En die wêreld is korrup. En die politiek is korrup. En die kerk is korrup. Wat ons nodig het, om meer daaraan te doen, is Godsvresende mense om bymekaar te kom en die Naam van die Here aan te roep. Dis wat die Branham Tabernakel moet doen. O, ek sou. . .

Net gekyk en gesien ek het baie voor my.

80 En dink aan hoeveel ons hier kan beklemtoon, van die manier waarop die kerk aangaan; hoe hulle toegee op die sedes van die mense, hoe hulle hulle laat lewe, en na danse toe laat gaan en na ruk-en-rolle, en laat aantrek enige manier wat hulle wil, en—en alles, en net dieselfde voortgaan, predikers wat toegee.

81 Wat ons nodig het is oudtydse, God-gestuurde, Hemel-gebore predikers, wat die Waarheid sal praat ongeag van vir wie dit seermaak. Soos Johannes, wat gesê het: "Die byl is teen die wortel van die boom gelê." "En elke boom wat nie goeie vrugte voortbring nie, word afgekap en in die vuur gegooi." Ons het predikers nodig, profete soos daardie, wat sal bombardeer, en die oordele van God gebruik vir ammunisie, om op te breek, in hierdie bose toestand waarin ons lewe.

82 Jy kan nooit van sonde ontslae raak deur dit op die rug te klop nie. Jy kan nooit van sonde ontslae raak deur mense op te voed nie. Ons programme is afgebreek en het misluk. Daar's

net een geneesmiddel vir sonde, en, dit is, Christus is daardie geneesmiddel. En nie Christus deur intellektuele belydenis nie, maar deur die doop van die Heilige Gees, tot 'n nuwe Lewe en 'n wedergeboorte. Dis die enigste geneesmiddel vir sonde, enigste geneesmiddel vir 'n volk. Dis die enigste geneesmiddel vir 'n kerk. Dis die enigste geneesmiddel vir die mense.

83 Hier 'n tyd gelede . . . Ek reken baie van julle mense wat reis, was daar. Ek het heelnag daar gebly baiekeer, in my reis na die Weste. Waarnatoe ek moet gaan volgende week, 'n toestemming, toestemming van die regering kry om te gaan. Hulle hou my hier. Waar, as hulle my wegstuur, hulle my net hier kon kry. En ek moet na 'n paar dienste toe gaan oorkant aan die Weskus. En as die Here wil, sal ek deur hierdie klein stadjie met die naam Wes Memphis, Arkansas gaan. Dis net oorkant die rivier van Memphis, Tennessee. En in hierdie plek wou hulle twee-en-'n-halfmiljoen dollar spandeer vir 'n wedrenbaan, vir dobbel. Twee-en-'n-halfmiljoen dollar, om te verlaag, en te besoedel, en om siele hel toe te stuur. En dan mense te vang soos Billy Graham, Oral Roberts, myself, en hulle wat ly vir die saak van Christus, om wettige geld deur 'n kerk te laat gaan, en vir hulle twintig jaar in 'n federale tronk te wil gee. Dit was altyd die wil van die wêreld om so op te tree.

84 Ek het gesê: "Jy . . . Ek het broers wat in die federale tronk was."

85 En een van die genoemde prokureurs het gesê: "Jy het broers in die federale tronk?"

Ek het gesê: "Ek het gehad."

Gesê: "Wie was hulle?"

86 Ek het gesê: "Een van hulle was Broer Johannes, in Alcatraz, op die eiland Patmos. En die ander was Broer Paulus, in die Romeinse federale tronk. En Broer Daniël, hy was ook in die tronk."

87 En Broer Josef, want hy is beskuldig van iets waarvan hy onskuldig was, jare gesit, deur 'n ware dienaar van Pótifar te probeer wees, en sy vrou het hom beskuldig. En hy is veroordeel, en het vir jare in die tronk gelê, totdat sy wangbaarde en hare lank geword het, tot hy nie . . . Moes hom selfs skeer om hom voor Farao te neem. Sekerlik. Vir wat, enigiets verkeerd? Om Christus' ontwil! Presies!

88 En dan twee-en-'n-halfmiljoen dollar spandeer vir 'n wedrenbaan, om te besoedel en te verdoem en siele hel toe te stuur. Praat van God wat gou kom!

89 Maar die Arkansasmense het iets daaraan gedoen. Elke kerk, dink ek, nege of tien verskillende denominasies in daardie gemeenskap, hulle het almal bymekaargekom en gesê: "Dis verkeerd. En ons sal dit nie duld nie." En hulle het 'n biduur

gevorm, en hulle het gebedskettings geneem, dag in en uit, en nag in en uit. En toe die regters en die federale manne, en hulle almal na die hof toe gegaan het die volgende dag, om dit te besleg, of hulle dit kon bou of nie, is hulle gekonfronteer, en is dit verslaan. Gebed verander sake. Ek gee nie om hoe verrot die wêreld is, hoe verrot ons land is, ons volk is, ons mense is nie; gebed verander sake.

90 Maar ons stel nie meer belang in biduur nie. Ons het soveel ander dinge wat ons moet doen, so dink ons.

91 En dan, nie net dit, was daardie wedrenbaan veroordeel nie, maar dit is ook opgeteken dat hulle, in die staat van Arkansas, nooit so-iets sou kon hê, vir jare en jare om te kom nie. Waarom? Omdat die mense met Sy Naam hulleself versamel en gebid het.

92 O, wat ons vandag nodig het is 'n versamel, 'n gereedmaak. En nie staatmaak op die prediker nie, maar jy, as 'n individu voor God, maak jouself gereed vir die Koms van die Here, om van al hierdie verderflikheid te ontsnap.

93 Maak nie saak wat hulle jou noem, en watter stappe hulle neem nie, dit verander God glad nie. God sal dit in elk geval doen. Hy maak staat en wag op ons. O, goeiste!

94 Party mense sê: "Wel, ek gaan Sondagoggend kerk toe. Ek luister na ons pastoor, wat 'n goeie prediker is." Dis goed. Ek waardeer dit. En jy is die Amerika, die wêreld, wat dit ook al is. Maar dit verg meer as 'n goeie boodskap van die preekstoel af. Dit verg jou lewe. Dit verg jou, om gereed te maak.

95 In Openbaringe die 19de hoofstuk, en die 7de vers, het die Bybel gesê dat, gepraat van die Bruid van Christus: "Sy het Haarself gereedgemaak." Sy het Haarself gereedgemaak. En jy, as 'n lid van hierdie Bruid, jy moet jouself gereedmaak.

96 'n Tyd gelede, het 'n prediker gepreek. En—en daar was 'n man wat sy kerk besoek het vir, o, nogal 'n lang tyd. En hy het daardie môre opgekom na die altaar. En hy het gesê: "Pastoor, ek wil nou graag my getuienis en my oorgawe gee aan die Here Jesus, wat ek gisteraand gedoen het."

97 En die pastoor het gesê: "Wel, ek is beslis bly om dit te hoor, John. Om te weet dat jy besluit het om uiteindelik te kom en jouself aan die Here gegee het, want ons wil nie jou gevoelens seermaak nie, maar ons weet dat jy baie boos was. En ons weet dat jy jou familie sleg behandel het. Jy het jou geld weggedobbel, en jy het dit uitgedrink, en 'n verskriklike lewe gely, en jou familie het gebrek gely. En dit maak my hart bly, vanmôre, om te weet dat jy nou vorentoe gekom het en jouself gaan oorgee aan die Here Jesus, om 'n ander persoon te word, om Hom te dien."

Hy het gesê: "Dankie, pastoor."

98 Hy het gesê: "Dan net wat . . . Ek wil vir jou iets vra. Watter preek het ek gepreek, of watter teks het ek gebruik, en, of watter

lied is gesing in die kerk, in die gesange, wat jou so laat besluit het om dit te doen?"

99 En soos die man na hom gekyk het, in die gesig, met die trane wat teen sy wange afloop, het hy gesê: "Pastoor, dit was geen van jou preke nie, hoewel, so goed soos hulle was. Dit was niks van die koorsang, of die items nie, so goed soos hulle was."

100 Hy het gesê: "Sal jy dan vir hierdie gemeente sê waarom jy hierdie besluit geneem het?"

101 Hy het gesê: "Ek werk saam met 'n man wat 'n Christen is, en ek het alles vir hom gesê. Ek het hom 'n holy-roller genoem. Ek het hom 'n godsdienstige fanatikus en alles genoem, en dit het hom glad nie gepla nie. Maar hy het so 'n lewe gelei dat ek uitendelik, in my hart, die heeltyd, hy 'n plek verwerf het, dat ek soos daardie man wil wees. En dis die rede waarom ek hom gevra het om my na Christus toe te lei. Ek wou die Christus hê wat hy dien."

102 Julle sien, God werk wel deur die pastoor, om Sy Kerk gereed te maak. Hy werk deur die liedere, om Sy Kerk gereed te maak. En Hy werk deur jou, om Sy Kerk gereed te maak.

103 As jou pastoor sou faal, en aanhou faal, sou jy vir jou 'n ander pastoor soek. Jy sou dit vinnig doen. As jou koor nie reg sou sing nie, of jou solo's nie reg was nie, sou jy vir die leier sê, die een wat die musiek het: "Moenie dat hulle meer sing nie. Hulle maak my net senuweeagtig, om te sing."

104 Maar wat van jou as 'n individu? Hoe faal jy in jou daaglikse lewe? Hoe vergelyk jy met God, wat God vir jou sê om te wees, 'n skynende Lig wat op 'n heuwel staan? Niemand kan daar verbygaan, behalwe by jou verby, sonder om te weet van Jesus nie. Watter soort lewe lei jy, een van daardie wat gemeen, beledigend is, en ergerlik, onverskillig? Of, kan jy spreek van die vrede en die liefde wat jy gevind het in Christus?

"Sy het Haarself gereedgemaak."

105 Ek het vir julle die boosheid gewys. En die tyd sal nie, sou nie genoeg wees vir my, om deur die eeue te gaan, en elke keer te wys, soos in Babilon op die aand van die fuifery, en dansery en drinkery, ensovoorts, en wat gebeur het nie. En dwarsdeur die eeu was dit so. In elke eeu het God donderslagprofete gehad, met tekens en wonders, om die ding te bestraf te midde van al die gewildheid, en alleen te staan vir God.

106 Nie net dit nie, maar wat as ek sou praat van die tyd van klein Stéfanus, nie 'n profeet nie, nie 'n pastoor nie, net 'n lid van die Liggaam van Christus. Hoedat hierdie klein kêreltjie voor die Sanhédrinraad gestaan het daardie oggend, en uitgevaar het teen hulle wat hom aangekla het, en gesê het: "Julle hardnekkiges, onbesnedes van hart en ore. Julle weerstaan altyd die Heilige

Gees. Net soos julle vaders het, so ook julle." Hy was nie 'n pastoor nie.

107 Jy kan nie van jou pastoor verwag om alles te doen nie. Jy kan nie van jou trusteeraad verwag om alles te doen, of jou diakenraad nie. Jy moet jouself gereedmaak. Dis 'n individuele saak.

108 En, onthou, Sy Koms is so skielik, dat die Kerk sal gaan binne 'n oogwink. En as ons sonde aan elke kant sien, en oordele wat wag, en die oorlogskepe van God se oordeel wat kom, hoe ontsnap ons hiervan? Tekens verskyn. Jesus is aan die kom. En groot wonders word gedoen. Elke mylpaal wys op Sy spoedige veskyning, en dit sal binne 'n oomblik gebeur.

109 Hoe staan ons, vanmôre, soos ons opname maak? As daar met ons gepraat sou word, vanmôre, en die Here Jesus sou neerdaal uit die hemele, vanmôre, met die Geroep en die Geklank van die basuin van God, sou ons gereed wees, as 'n kerkliggaam? Sou ons gereed wees, as 'n individu, om aan te sluit by hulle wat opgerig is uit die dood, wat hulleself gereed bewys het? Maak nie saak of ons gereed is of nie, die Here Jesus sal net in elk geval kom, op die bestemde tyd. Ons moet gereed wees, en ons moet dit nou doen. Dis geen tyd om te wag nie. Ons moet die tyd benut en gereed wees.

110 'n Tyd gelede, 'n storie (net voor afsluiting) wat my getref het, toe ek dit gehoor het, baie, baie jare gelede.

111 Hierdie geheime Koms van die Here; skielike, geheime vertrek van die Kerk. Kyk! "Daar sal twee in 'n veld wees; Ek sal een neem en een agterlaat. Daar sal twee in die bed wees; Ek sal een neem en een agterlaat." Wat wys dat die Koms van die Here nie net op een sekere uithoek sal wees nie, maar sal universeel wees. "Een sal in die veld wees, aan die werk," dag. "Die ander een in 'n bed, aan die slaap," aan die ander kant van die wêreld. Dit sal 'n universele Wegraping wees, en sal kom met die Geroep, met die Stem van die Aartsengel, en die Geklank van die basuin van God sal uitgaan. En die dooies in Christus sal opstaan. En Sy sal weggeraap word, geheimsinniglik. O, ek is lief daarvoor! Daardie groot Bruidegomkoms, en die Bruid het Haarself gereedgemaak, in afwagting van daardie geheime oomblik wat Sy Self nie eers ken nie. Maar Sy is gereed, en aangetrek, en wag daarvoor.

112 Ons sien Sy rigtingwysers in die wêreld, dat sy gereed is vir oordeel. Ons sien tekens en wonders in die kerk, groot dinge wat plaasvind. Watter soort mense moet ons wees? Gereed op die oomblik, want ons weet nie wanneer Hy kom nie. "Wees julle ook gereed, want julle weet nie watter minuut of uur julle Here kom nie." Wees gereed! Want, jy kan nie dan gereedmaak nie, want Hy het gesê jy kan nie.

113 Hoeveel van julle, almal miskien, het gelees van die maagde? Party was wys en party was dwaas. *Maagd* beteken "suiwerheid." Hulle was almal goeie mense. Elkeen van hulle, maagdelik, geheiligde voorwerpe van God. Maar diegene wat Olie in hulle lampe gehad het, het ingegaan, en die ander is uitgelaat. Hulle was almal maagde, elkeen. Mense waarop jy nie jou vinger kon lê, vir enigiets verkeerds nie. Hulle, elkeen, het geglo in die Koms van die Here. Hulle was gereed om Hom te gaan ontmoet, maar sommige van hulle het hulle Olie laat uitgaan.

114 Moenie dat dit jou geval wees nie. Hou Olie in jou lamp. Olie is 'n Gees, die Heilige Gees. Moenie dat Dit ooit uit julle dreineer nie. Wanneer jy jou liefde voel wegsterf, jou opregtheid teenoor Christus en teenoor die—die Saak, gaan vinnig na Hom toe, Wat die Fontein van Olie het, en koop vir jouself 'n vervulling van die Heilige Gees.

115 Ons volk gedaan, sedelik verdorwe en geruïneer. Ons politiek, verdorwe en gedaan. Ons leiers, O God, wat kan ons daaraan doen? Jy kan 'n goeie man insit, en hy kom uit as 'n skurk.

116 Daar's net Een wat ons nou kan bring, dis die Here Jesus. Laat ons gereedmaak vir Sy Koms.

117 Ek wil vir julle 'n klein storietjie vertel wat ek 'n paar jaar gelede gehoor het; ter afsluiting. Hierdie skielike, vinnige Wegraping van die Kerk!

118 Nou jy sê: "Sekere dinge sal gebeur, dan sal ek gereedmaak." Maak nou gereed. Ek het pas vir julle vertel van Pearl Harbor en van baie plekke waar hulle geweier het om na die waarskuwing te luister. Hulle het geweier om daarna te luister. Niks was oor behalwe Goddelike oordeel oor die mense nie. Nou, almal wat nie in Christus sal gaan nie, sal onder God se toorn en Goddelike oordeel wees. Moet dit asseblief nie met jou laat gebeur nie.

119 Maak nie saak wat die Branham Tabernakel ooit word nie, moenie dat dit met jou gebeur nie. Wees jy 'n dienaar van Christus. Maak nie saak wat die kerkwêreld doen nie, wees jy 'n dienaar van Christus. Dit hang nie van die Branham Tabernakel af, of van enige ander kerk af nie. Dit hang van jou af, as 'n individu, om gereed te wees by die Koms van die Here. Jy moet gereed wees. Ek moet gereed wees. Ek sal my eie trappe vee. Dit hang van jou af om jou trappe te vee. Los myne uit; ek los joune uit. Jy moet jou kleed gereedmaak.

120 Daar was 'n groot veeboer, en hy het 'n yslike groot plaas besit, ver in die noordelike deel van Colorado, naby die bergdeel.

121 Soos julle almal weet, het ek 'n bietjie veeboerdery in my lewe gedoen, van ry ensovoorts. Een van my uitroepe na God, het gesit op 'n speek van ou Texaswielspeke, met 'n geweer wat op die saal gelê het en 'n pistool aan my sy; toe ek daardie bome hoor waai het, geklink soos 'n Stem wat gesê het: "Adam, waar is jy?"

122 Soos ek na die sterre gekyk het, en hulle die ou Slim gehoor het, 'n ou cowboy van oorkant in Texas, wat deur 'n kam blaas met 'n sukkie papier.

Onder by die kruis waar my Verlosser gesterf
het,
Dit was daaronder waar ek om reiniging van
my sonde gevra het;
Daar aan my hart is Sy Bloed gesmeer;
Ere sy Sy Naam.

123 Ek het die kombers oor my gesig getrek en myself probeer wegsteek, want God het afgekyk in daardie heuwels.

124 Dit was op een van daardie veeplase, waar die groot pakmaatskappye hulle vee koop, hulle in die berge injaag, en hulle dan uitbring nadat hulle kalwers gebore is, in—in die herfs van die jaar, en hulle brandmerk, en sommige van die ou kudde verkoop, en die bulle ensovoorts, en voortgaan in die . . . hulle groot troppe vee versamel.

125 En op hierdie sekere plaas, die eienaar, of die opsigter, wat ons daar noem: "die hoof," die voorman, hy het omtrent vyf dogters gehad. Hulle was almal pragtige vroue, jonk, ongetroud. En daar was 'n jong dametjie daar, wat 'n niggie van hierdie meisies was, wat haar vader en moeder albei oorlede was. En sy is soontoe gebring om te . . . om by haar—haar oom te bly.

126 En daardie meisies, dat hulle in daardie fraai soort valletjiesrokke was, julle weet, en—en—en hulle het net hierdie arme meisietjie geneem en haar behandel asof sy een of ander dier was. Al die harde werk is vir haar gegee. Sy het die skottelgoed gewas. Sy het skoongemaak. Sy het die beddens opgemaak. Sy—sy moes dit alles doen. En hulle het net daar gebly met gepoleerde vingernaels en grimering, die goed op die lippe, en opgemaak, julle weet, net preuts.

127 En hulle het dit veral gedoen, toe hulle gehoor het dat van Chicago af, die groot pakmaatskappy wat die boerdery besit het, sy jong, ongetroude seun sou die plaas kom besoek. O, is hulle uitgevat in goeie klere! Ag! En het hulle aangetrek en gereedgemaak vir sy koms! En elke aand sou die gesprek wees, hulle gaan aanlê by hierdie jong man en met hom trou. Wie sou . . . Dan sou hulle die plaas self besit, want die seun sou alles erf. So hulle het hulleself gereedgemaak.

128 So, julle sien, daar is 'n gereed om te maak. Jy maak jouself gereed, deur by die kerk of iets aan te sluit, dis nie al wat vereis word nie. Jy moet Olie in jou lamp hê. Sien? Net jou kleredrag, sê: "Ons sal 'n groot kerk bou. Ons sal aan 'n beter denominasie behoort. Ons sal—ons sal 'n klein pyporrel kry, vir die Here. Ons sal sagte sitplekke maak." Dis nie wat God vereis nie. [Broer Branham slaan drie keer op die preekstoel—Red.]

129 Geregtigheid is wat God vereis, van Sy Seun, Christus Jesus. Dis die klere. Want die Bybel het gesê: "Die wit klere waarmee sy geklee was, is die geregtigheid van die heiliges." So sy . . .

130 Hierdie meisies het gedink hulle sou hulleself gereedmaak vir die koms van hierdie jong man. Natuurlik, daardie arme niggietjie, dit herinner my aan 'n uitgeworpene iewers. Jy kon haar waardeer. Sy was 'n pragtige vrou. Maar, o, goeiste! Sy was 'n mooi meisietjie, maar sy was nooit eers geag onder hulle nie, nie as familie nie.

131 Nou, dis omtrent die ware prentjie van die ware Kerk, vandag, voor die denominasies. [Leë kol op band—Red.] Nie eers geag nie; 'n klomp interdenominasioneles, 'n klomp uitgeworpenes.

132 So, die arme dingetjie het net voortgegaan, gewerk. En toe die jong man gearriveer het . . .

133 Hulle het dit nie geweet nie, maar hy het kom soek na 'n vrou. Hy was siek en sat vir die stadsmeisies wat net heeltyd opgesmuk was, en, o, julle weet, in die kroeë rondgehang het, en rondgery het in die Cadillacs, en die—die verskillende dinge. Hulle—hulle was net siek en sat daarvan. Hy het gedink: "Ek sal na die Weste toe gaan en vir my 'n—'n regte meisie soek wat 'n regte moeder vir my babas sou wees. En iemand wat nie sal rondhang by al die naaldwerkkringe en die—en die verenigings en dinge nie, maar net 'n ware moeder sal wees." Wat het hy gevind toe hy daar gekom het? Maar dieselfde ding wat hy veroordeel het in Chicago.

134 Ek wonder of die Here Jesus 'n kerk sal vind, net 'n denominasie, net sogenaamd: "'n kerk," geen Olie in die lampe, nie gereed om te gaan nie? O, hulle het goeie rokke. Hulle het die grootste kerke, die grootste *hierdie*, en al hierdie dinge. Maar God wil nie dit hê nie. Hy wil jou hê as 'n individu. Hulle mag die beste pastore hê, hulle mag die beste diakenrade hê, maar Hy wil jou hê met Olie. Hy kom om daardie Olie en Bruid weg te raap.

135 En soos hy, hierdie seun, na hulle gekyk het, was hy mismoedig. En daardie aand het hulle iets gehad soos . . . In daardie dae, dit was lank gelede, het hulle die "Charleston" genoem, wat net soos 'n ruk-en-rol was. En hulle sou een van daardie groot partytjies hou. Baie van julle mense onthou daardie ou Charleston dans wat hulle gedoen het, destyds toe ek 'n kind was, toe ek daarbuite was. En so het hulle almal hulle swart-en-wit kleertjies aangehad, julle weet, om te doen die . . . O, dit is "Charleston," en "black bottom." Dis wat hulle dit genoem het. En hulle het daardie twee-kleur klere gehad, en hulle het na hierdie danse toe gegaan.

136 En, maar, hierdie seun was siek van daardie goed. Hy het gesoek na 'n ware meisie, so hy het uit hulle partytjie uitgeglip. Hy het hulle dopgehou. Hy het ingegaan om hulle dop te hou.

137 Net soos 'n ander Seun waarvan ek weet. 'n Ander Seun sal na jou kerk toe kom. Hy sal . . . Seun van God, Hy sal soontoe kom. Hy sal rondkyk. Hy sal sien jy's welgeklee. Hy sal—Hy sal weet dat jy 'n goeie lidmaat is. Maar Hy soek na iets verskillend van net die gewone gang van die kerk.

138 So, soos hy rondgekyk het, naderhand, hy was so mismoedig. Hy het by die deur uitgeloop.

139 En met die teruggaan, aanstap in die maanlig, na die slaapplek, het hy iemand soort van hoor neurie. En hy het omgekyk. En hier het hierdie meisietjie gegaan met die groot pan skottelgoedwater, laat in die nag, kaalvoet, om die skottelgoedwater uit te gooi. En sodra hy haar gesien het, het iets gesê: "Dis sy. Dis die een." So hy het homself in die pad geplaas. En toe sy . . . Dis toe sy terugkom langs die kraalheining, wel, het hy daar gestaan. En sy het amper flou geword.

140 Hy het gesê: "Aangename kennis?" En hy het gesê: "Wat is jou naam?" En sy het vir hom haar naam gesê, en dit was dieselfde naam as die baas van die plaas. Gesê: "Dan kan ek nie verstaan hoedat hierdie . . . Is dit jou pa?"

141 Gesê: "Nee. Ek's net 'n niggie, jy sien. Hy en my pa was broers. Ek het dieselfde van. Maar ek . . . Dis, dis die baas."

142 Jy mag die naam van kerk hê, mag die naam van Branham Tabernakel hê, of Metodis, of na watter kerk toe jy ook al gaan. Dit is nie dit nie, vriend. Sien? Dis iets anders. Dis jou karakter. Dis waarna God kyk. Jy mag Metodis wees. Jy mag Baptis wees. Jy mag Presbiteriaan wees. Dis nie dit nie. Dis karakter waarna God kyk. Nie net aardse karakter nie, maar Heilige Gees karakter. "Vir dié wat geglo het sal hierdie tekens volg," het Jesus gesê, in die 16de hoofstuk van Markus.

143 Sy was so verbaas dat—dat hy selfs met haar sou praat. En sy het haar koppie laat sak, en sy het in die huis ingehardloop.

144 Hy was daar vir 'n week of twee, en hy het rondgekyk, oral. En hy het niks weer gesê nie, maar hy het haar bly dophou. En die aand voor hy weg is . . . Hy sou die volgende oggend vertrek. Hulle het nog 'n groot partytjie gehou. En hy het uitgekyk vir haar. Hy kon haar nie kry nie. Hy het geweet sy moet die skottelgoed was ensovoorts, so, die vuil werk en alles wat gegee kon word.

145 En dis hoe die ware Kerk van God dit partymaal moet doen, die vuil werk, al die skandalige name, en al die goed wat gemeen is, om daarteen gegooi te word. En Sy is 'n groot gespikkelde voël. Al die ander voëls versamel en weerstaan Haar. Dis alles reg. Haar naam is op die Lam se Boek van die Lewe. Sy sal Haar groot vlerke oopmaak eendag vir 'n vlug. Sy's gereed. Daardie

spikkels het beteken die Bloed van Christus is op Haar gespikkel. Sien? Julle het dit in julle Boek gelees, die Bybel.

146 En hierdie seun het die dametjie gevang toe sy uitkom daardie aand. Hy het gesê: "Ek het jou dopgehou. Niemand weet dit behalwe ek nie." Hy het gesê: "Ek het hier uitgekom om na 'n vrou te soek. En alles wat ek ooit gesien het, jy kom die vereistes na." Hoe het sy gevoel? Die groot man se seun wat haar nou vra of sy sy vrou sal wees.

147 Dink net hoe daardie meisies moes gevoel het toe hulle by hulle venster uitgekyk en gesien het, wat hande vashou, met daardie klein, veragte niggietjie, die man by wie hulle probeer aanlê het, met al hulle groot, mooi rokke en valletjies, en aanganery.

En hy het gesê: "Sal jy met my trou?"

"O," het sy gesê: "meneer, ek's nie waardig nie."

148 Dis hoe die ware Kerk daaroor voel: "Ek's nie waardig nie. Ek kan . . . As ek net U skottelgoed kan was, sal dit in die haak wees." Is jy gewillig om daardie plek in te neem? Kan jy die skottelgoed was vir die Avondmaal? Sal jy gewillig wees om fanatikus genoem te word? Of, sou jy gewillig wees om die weg te kies van die Here se paar veragtes? Is jy gewillig?

149 Is jy gewillig, by jou werk, om gemerk te word: "Daar's 'n man, hy's 'n godsdienstige fanatikus, omdat hy nie wil drink nie, hy wil nie rook nie, hy dans nie, hy gaan nie uit met vroue nie"? "Daar's 'n vrou wat haar kop laag hou, sy wandel soos . . . af deur die dorp. Sy's nie . . . Sy sal nie by ons kringe aansluit nie"?

150 Is jy gewillig om die weg te kies, jouself gereed te maak vir die Koms van die Here? As jy het . . . As jy sal, sal jy wag vir Hom om te kom. Jy sal verheug wees by Sy Koms. Dit sal nie 'n verskriklike ding wees nie. Dit sal die genadigste oomblik wees waaraan jy kan dink, die Koms van die Here. "Almal wat Sy verskyning liefhet."

151 So, toe hy vertrek het, het hy vir haar gesê hy sal op 'n sekere tyd terug wees. Gesê: "Wanneer jy begin sien . . . " Dit was winter. Gesê: "Wanneer jy sien daardie bome begin bot, daar oorkant, daardie mesquite en dinge nuwe lewe begin kry," gesê: "dan sal ek terug wees rondom die lentetyd."

152 Ek verstaan, ek kan nie sê dit was waar nie, maar die meisie het net omtrent 'n dollar en vyf-en-sewentig sent 'n week vir haar werk verdien. Maar sy het elke pennie daarvan gespaar. Hoekom? Sy het gereedgemaak vir die troue wat sou plaasvind. Sy het haar geld gespaar vir haar trourok. Want hy het gesê: "Ons sal net hier op die plaas trou, wanneer ek weer kom." Sy het heeljaar haar geld gespaar. Sy was gelukkig. Sy het nie omgegee om die skottelgoed te was nie. Sy het nie omgegee om die klere te stryk,

of die slaapkamers uit te vee, of wat ook al nie. Sy was verloof aan die baas van die plaas.

153 Wat gee ons om wat die wêreld sê, 'n ware Christen? Wat gee ons om of ons verag en verwerp word? "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe." Die Baas se Seun kom, eendag, en ons gaan na 'n Bruilofsmaal." Watter verskil maak dit vir ons, as jy Sy verskyning liefhet?

154 Na dit alles verby. . .Die dae het verbygegaan. Die dogtertjies, die niggietjies, het haar bespot, om haar gedans, en al die res gedoen. "Wel," gesê: "jou arme, dwase kind! Weet jy nie as hy. . . Wel, hy was net soos alle ander mans. Hy het jou net geterg."

155 Maar die Seun van God terg nie. "As iemand nie wedergebore word nie, kan hy nie. . . " Ek gee nie om hoe goed jy lyk, aan hoeveel kerk jy behoort, wat jou status in die land is nie. Jy mag 'n politikus wees. Jy mag in die federale regering wees. Jy mag in die Katolieke, Presbiteriaanse, enige kerk wees wat jy wil. Maar, dis: "As iemand nie wedergebore word nie, sal jy nie ingaan nie. En vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Ek haal net Sy Woord aan.

156 Uiteindelik, toe die uur aangebreek het, het sy dit begin sien, die botsels wat aan die bome begin kom het. Sy het geweet hy sou nou enige tyd daar wees. En hy het gesê: "Ek sal dit net teen sononder probeer maak, sodat ons kan trou en vinnig weggaan." En elke aand, teen sononder, wanneer sy. . . sy sou gaan en kry, haarself gereedmaak, haar trourokkie aantrek, en by die hek wag.

157 En hierdie niggietjies sou kom en vir haar lag, en haar bespot, en gesê: "Jou arme, dwase, onkundige kind. Om te dink dat die—die man wat besit. . . Hy's die President, liewer, van die maatskappy, dat sy seun met 'n skottelgoedwasser sou trou!"

158 Hy het gesoek na deugsaamheid, nie klere nie. Hy het genoeg geld gehad om al die klere te koop wat nodig was.

159 God gee nie om hoe groot jou spoggerige goed is wat jy het nie. Hy besit alles in die wêreld. So, Hy wil deugsaamheid hê. Hy wil iets hê wat eg is.

160 En so, uiteindelik, een aand, terwyl sy daar gestaan het, en hulle gelag en gespot het met haar, en vir haar vertel het sy was dwaas. Meteens, het hulle perdehoewe hoor klap. Wat het gebeur? Oor die heuwel het 'n spaaider gekom. Nou, 'n spaaider is 'n klein karretjie, sonder kap, baie populêr in die Weste. En die perde wat klingel en alles, wat aankom. Oor die heuwel, het hierdie karretjie gekom, en dit het voor die hek gestop. En sy het gehardloop. Sy het gesê: "Ek het geweet jy sal kom."

Dis sal die Kerk eendag wees.

161 Sy het haarself in sy arms gegooi, en hy het gesê: "Liefling, ek het 'n man geplaas gehad op hierdie plaas vandat ek hier weg is verlede jaar, wat vir my 'n verslag gebring het van alles wat jy gedoen het."

162 God het 'n Man geplaas in hierdie tabernakel, vanmôre, Hy word die Heilige Gees genoem. Hy ken die geheime van jou hart. Hy weet alles wat jy gedoen het, of wat jy dink. Hy vertel die Vader alles wat jy doen. Hy bring die boodskap heen-en-weer.

163 Hy het gesê: "En hy het vir my vertel dat jy gewag het, en jy gewerk het, en jy geduldig ge-arbei het, in afwagting vir my om te kom. Nou, jy was 'n slaaf vir 'n lang tyd, maar nou is jou slawedae verby. Ek het die prediker saamgebring, net onder daardie roosprieël, word jy my vrou." Hy het haar gesoen, die trouring aan haar vinger gesit, en haar opgetel en haar in die spaaider gesit, met sy arm om haar. En weggery, om hierdie groot nuwe paleis op Buitenste Laan in Chicago te vind, die gesogste in die nasie, waar sy kon woon as sy bruid.

164 Hoekom? Sy was gereed. Sy het gelewe en was die soort vrou wat hy wou hê. Dit het gebeur net op die ingewing van die oomblik.

165 En daardie skielike, geheime Koms van die Here, die wêreld weet nie dit gaan gebeur nie, maar ons weet. Dis op hande. Moenie soos die jong dame wees van wie hulle die klere afgestroop het, in Pearl Harbor nie, jy sal sink in skande. Wees soos die Een wat Haarself gereedgemaak het, en Haar deug behou het, en gewag het vir die Koms van die Here, want dit sal in die geheim en skielik wees.

166 Terwyl julle aan hierdie dinge dink, laat ons ons hoofde buig voor Hom Wat sal kom.

167 Net voor ons met Hom sal praat, elke man op sy eie manier, elke vrou, seun, of meisie. En terwyl ek met Hom praat en weet dat Sy geheime Agent, die Een wat jy nie met jou oog kan sien nie, so Hy is 'n geheime Agent, die geseënde Heilige Gees in hierdie gebou is. Sou jy wou hê Hy moet jou onthou voor Vader, vanmôre, dat jy gereed wil wees, en wanneer Hy kom, om saam met Hom te gaan? As jy sou, sal jy jou hand opsteek na Hom? Die Here seën julle. Ek reken omtrent elke hand in die gebou; myne, ook. "Ek wil hê U, Heilige Gees, moet die Vader vertel: 'Kyk af na my. Ek—ek neem die weg saam met Sy veragte mense. Ek—ek wil gaan, wil gereed wees. Ek—ek wil net nou gereed wees, want Hy mag kom voor die diens verby is.'"

Volke verbrokkel, Israel ontwaak,
Die tekens wat die profete voorspel;
Die Heiden se dae getel, met gruwels wat wag;
"Keer terug, O verstrooides, na julle eie."

Die Dag van Verlossing is hier,
Menseharte faal van vrees;
Word gevul met God's Gees, julle lampe kort en helder,
Kyk op, julle verlossing is hier.

Die vyeboom groei nou; Israel herstel.

168 O God! Die vyeboom wat sy botsels voortbring, Israel wat terugkeer as 'n volk! Toe ek ons pastoor gehoor het vanmôre, wat preek, om te bid vir Israel! Weet julle nie dis die uitkom van die botsels nie? Hy moet kom op daardie tyd.

169 Daardie *Drie Minute Voor Middernag* gesien, daardie artikel, dit gesien op—op my eie kamera, of projektor in my kelder, toe daardie ou Jode verkreupel en ingekom het op skepe en alles, van regoor die wêreld. Die onderhoudvoerder het gesê: "Kom julle na julle tuisland, om te sterf in die tuisland?" Hy het gesê: "Nee. Ons het gekom om die Messias te sien."

170 Die vyeboom groei. Kan julle dit nie sien nie? Die Dag van Verlossing is naby.

Vals profete lieg, God se Waarheid ontken hulle,
Dat Jesus die Christus ons God is;

Kan julle nie sien waar ons is nie?

Maar ons sal wandel waar die apostels getrap het.

Die Dag van Verlossing is hier,
Menseharte faal van vrees;

Dink daaraan!

Word vervul met God se Gees, julle lampe kort en helder,
Kyk op, julle verlossing is hier.

171 Here God, in hierdie groot oomblik, waar ek kyk oor hierdie gemeentetjie en rooi gesigte sien en traan-bevlekte wange, is ons bewus dat die groot geheime Agent naby staan, die Heilige Gees.

172 Laat ons nou die weg neem saam met die Here se veragte paar. As daar klein verskilletjies is in ons buurt, onder die mense, onder die kerk, of wat dit ook al is, dit het niks met ons te doen nie. Ons sal nie meer ons klere vuil maak met die dinge van die wêreld nie. Want U sal kom eendag in 'n oomblik, in 'n oogwink, daardie skielike, geheime Wegraping van U Kerk. U sal oor die tydsheuwel kom, af teen die horisontale reënboog, om die Kerk weg te neem, want die Skrif het gesê: "Die Basuin van God sal blaas. En die dooies in Christus sal opstaan. En ons sal weggevoer word saam met hulle, in die lug, om die Here te

ontmoet, en vir ewig by die Here te wees. My broeders, bemoedig mekaar dan met hierdie woorde."

173 Laat dit diep in die harte van hierdie gemeente lui vanmôre. Ons sal U prys in Jesus se Naam. Amen.

Die Skielike, Geheime Vertrek Van Die Kerk AFR58-1012
(The Sudden, Secret Going Away Of The Church)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 12 Oktober 1958, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org